# 20 November 2023 - Lesing 180 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die "Lewende Christen" – 22/12/60

**NO: 7779** Dit is nie voldoende dat julle julleself aan die buitewêreld kenbaar maak as Christene, **dat julle aan 'n kerklike organisasie behoort,** dat julle doen wat sy van julle vereis in terme van **uiterlikhede en gebruike** nie. Inteendeel, slegs een ding is nodig: Dat julle leef volgens die leerstellings wat elke kerklike organisasie uitdra en ook aan haar lede voorhou, **naamlik dat julle die goddelike liefdesgebooie vervul**, wat die Stigter van die Kerk self aan julle op aarde gegee het. Hy, Wie self 'n lewe in liefde op aarde gelei het, het ook die **liefde die grondbeginsel gemaak van diegene wat aan Sy kerk wil behoort**.

Want Sy kerk is geen dooie gebou nie, **Sy kerk is gees en lewe.** Sy kerk is gebou op 'n lewende geloof wat **slegs deur 'n lewe in liefde verkry kan word**. **Liefde en geloof i**s die kenmerke van die kerk wat JaHshua Messias/Christus Self op aarde gestig het. Want liefde en geloof laat die werksaamheid van die gees toe, wat die ware kenmerk van Sy kerk is.

En solank julle mense nie hierdie herkenningsteken sal kan wys nie, is julle slegs blinde meelopers van die organisasie waarby julle aangesluit het. Maar jy is geen lewende Christen nie. **Jy is nie 'n aanhanger van die Kerk van Messias/Christus nie.**

En julle loop dan groot gevaar dat julle siel verlore sal gaan, wat 'n **wilstoets op aarde** moet aflê en dit nie sal kan deurstaan as dit nie die krag van bo betrek nie, wat egter 'n lewende geloof veronderstel.

Slegs die lewende geloof, **die resultaat van onselfsugtige naasteliefde**, bring die innige verbinding tot stand met die Kragbron van ewigheid, waaruit elke mens 'n toevoer van krag nodig het as hy sy doel op aarde wil bereik: Om volmaak te word soos die Vader in die hemel volmaak is.

Julle mense neem julle taak op aarde baie gemaklik op. Julle glo om genoeg te doen wanneer julle pligsgetrou nakom wat vir julle voorgeskryf word deur die mense wat hulleself as "**die plaasvervanger van God"** uitgee.

Julle dink nie eers eenmaal daaroor na of dit werklik God se plaasvervangers is, **en of dat hulle hulself slegs tot daardie amp verhef het nie**. Julle dink ook nie daaraan of julle dan ook in die waarheid onderrig word nie. Julle glo sonder enige twyfel alles wat ookal aan julle voorgehou word as waarheid, **maar julle ondersoek nie die oorsprong daarvan nie**, en julle wend julle nie tot die **Een Wie die ewige Waarheid Self** is, om Hom te vra om julle volgens die waarheid te lei nie.

**Julle begeer nie die waarheid nie**, anders sou julle werklik daarmee vertroud gemaak word.

Julle neem julle aardse taak nie ernstig genoeg op nie en julle glo dat julle die wil van God nakom deur **voorgeskrewe handelinge en gebooie te vervul**, wat egter nooit deur God self aan julle mense gegee is nie.

Maar julle slaan geen ag die gebooie van God nie, anders sou julle jul bes gedoen het om 'n lewe in liefde te lei en julle sou dan self op die regte weg beland het wat omhoog lei.

**Dit is slegs die liefde wat God van julle verlang.** Dit is slegs die liefde wat julle die reg gee om behorend aan Sy kerk te voel. Want slegs die liefde bring 'n lewende geloof voort, die rots waarop JaHshua Messias/ Christus Sy kerk gebou het. Noem julleself daarom eers 'n Christen **wanneer julle ook die gebooie van Christus/Messias nakom** en daardeur ware aanhangers van Sy Kerk geword het.

En julle sal dit in elke kerklike organisasie kan bereik, want elkeen leer aan julle die liefde.

Maar moenie mensgemaakte gebooie op die voorgrond plaas nie. Dit lewer geen resultaat op nie en is nie in staat om die ewige lewe aan julle siel te besorg nie. **Want alles wat nie die liefde as motief het nie, is waardeloos**.

En julle sou vanself agter die waarheid hiervan gekom het, as julle dit maar net ernstig sou meen met julle plig teenoor God.

Maar solank julle slegs vir die vorm kerklike vereistes nakom, sal julle siel altyd op dieselfde vlak bly staan. Sy sal op aarde geen vooruitgang maak nie, want dit kan alleen bereik word deur onselfsugtige naasteliefde, wat egter ook onherroeplike insig tot gevolg het: **Verligting van die gees**, sodat die mens homself dan nie meer sal laat tevrede stel met 'n vormchristenskap nie, maar dat hy ernstig sal streef na volmaaktheid, wat hy dan ook beslis sal bereik. Amein.

1Petrus 2

*6 Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, EK lê in Sion 'n **Grondsteen**, [‘n beproefde Klip,] ‘n **kosbare Hoek [steen** wat ‘n vaste fondament is,] hy wat vertrou, sal nie haastig wees nie. [JeshaJaH 28:16]*

*7 Vir julle dan wat glo, is Sy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die Woord: **Die Klip wat die bouers verwerp het**, Sy het 'n Hoeksteen geword; [Psalm 118:22] en: 'n **Klip van aanstoot en 'n Rots van struikeling** – [JeshaJaH 8:14]*

*8 vir dié wat hulle teen Hom stamp, omdat hulle aan die Woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. [JeshaJaH 8:14]*

*9 **Maar julle is 'n uitverkore saadlyn, 'n koninklike priesterdom, 'n apartgestelde nasie. 'n Volk as eiendom verkry, om te verkondig die voortreflikheid van Hom wat julle uit die Duisternis geroep het tot Sy wonderbare Lig,** [Exodus 19:6]*